

# St. Clemens

## 23 November

(1ste eeu)

Hy was die derde opvolger van die Apostel Petrus. Volgens die heilige Irenaeus het Clemens nog vir Petrus en Paulus persoonlik geken. Hy was die eerste pous om apostoliese briewe en riglyne aan die ander kerke te skryf. Hy is veral bekend vir die brief wat hy aan die Korinthiërs geskryf het om hul onderlinge vrede en eensgesindheid te versterk. Van die vroegste tye af word sy naam herdenk in die Romeinse Kanon van die Heilige Mis. Volgens oorlewering word sy relieke bewaar in die kerk van San Clemente in Rome.

© Die Oratorium Uitgewery